



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



Jaargang 20 no 5
Mei 2011

- Vrug van die Gees – sagmaedigheid 2
- Kerknuus 4
- Sonde uit beeld – en nou? 6
- Geloof en wetenskap 7
- Damaskus-ervaring in Mamelodi 9
- Palestynse Christene 12
- Boekenuus 15

MUNISIPALE VERKIESINGS

Woensdag 18 Mei is 'n belangrike datum vir Suid-Afrika vanweë die munisipale verkiesings op dié dag. Dit bied 'n belangrike geleentheid om ons demokratiese reg uit te oefen om die bestuur van ons dorp of stad toe te vertrou aan bekwame mense. En as ons dorpe en stede reg bestuur word, sal dit ook goed gaan met die land as geheel.

Hoewel die plaaslike besture ingesleep word by die nasionaal-politieke party-agendas, gaan dit in die eerste plek oor *goeie dienslewering* aan die inwoners en die *verantwoordelike versorging van ons direkte omgewing*. Die maatstaf hierby is of dit gebeur volgens die (Christelike) norme van *goeie rentmeesterskap* en sosiale en maatskaplike *verantwoordelikheid*.

Die grootste deel van die bevolking sal waarskynlik die keuse van hul munisipale stem laat bepaal deur hul nasionale politieke voorkeure, ongeag of dit lei tot goeie plaaslike bestuur al dan nie. Maar dit moet ons beslis nie laat ontmoedig nie. *Stemreg* is ook 'n *stemplig* en dié wat geregtig is om te stem, moet dit met verantwoordelikheid gebruik. Ons stem, saam met dié van ons medestanders, mag dalk wel ons plaaslike leef- en woonklimaat ten goede verander. Gelukkig is daar tekens dat onbekwaamheid en/of onregmatige (self)beoordeling van munisipale raadslede wel deur hul eie ondersteuners raakgesien en afgekeur word. Ook die uitplaaas van party-vriende op munisipale verkiesingslyste, waar hulle hoegenaamd geen bande of belange het nie, word wyd afgekeur. In ons Afrika-konteks is dit egter nie te verwagte dat die nasionale politieke voorkeure daardeur ondergeskik sal raak en dat die politieke patrone in die land nou drasties sal verander nie.

As dit nie so 'n ernstige saak was nie, sou 'n mens kon lag oor "al die groot beloftes", soos ons dit reeds so dikwels gehoor het. Dit sou 'n mens skepties en apaties maak oor politiek. Dit gaan oor goeie planne *en goeie uitvoering* daarvan. Strukture wat daar is om tussen verkiesings die gemaakte beloftes gereeld te toets, moet verbeter en nagekom word en die kiesers moet daarop aandring.

As ons 'n (voornemende) raadslid ontmoet, of geleentheid kry om met hom/haar te praat, dan kan ons wys op die primêre verantwoordelikheid van hierdie amp: dien jou gemeenskap volgens Christelike norme. Deur die amp van raadslid wil God ons klein plaaslike wêreld bestuur. Daar is beslis groot uitdagings, veral op munisipale vlak. Dit vra 'n munisipale bestuurspan van goeie gehalte. En daarby is ons ingeskakel en dra ons verantwoordelikheid.

Ora et labora - bid en werk, bid en stem, sodat ook in ons munisipale omgewing die bestuur en beheer uitgevoer sal word tot eer van God, tot verheerliking van sy Naam en tot welsyn van die mense. As ons in verantwoordelikheid handel, kan ons God se seën verwag. Dus maak jou stem **dik** op 18 Mei.

Hans Moes

VRUG van die GEES - SAGMOEDIGHEID

Uit die Bybel

Iets om te begeer?

Ons kyk weer na die pragtige diamant, die vrug van die Gees. Hierdie keer gaan ons die faset sagmoedigheid bewonder.

Is sagmoedigheid egter wel so bewonderenswaardig? Verlang ons werklik na die deug sagmoedigheid? Hoe dikwels bid jy daarvoor? Is sagmoedigheid nie 'n teken van swakheid nie? Ons word in ons samelewing juis geleer dat jy jouself moet laat geld, dat jy vir jou eie belange moet opkom. Daar is selfs kursusse daarvoor wat jy kan volg. Veral manne soek dikwels nie hierdie eienskap by hulleself nie. Manlikheid en sagmoedigheid sou nie by mekaar pas nie. Manne soek hierdie eienskap eerder by hul ma's en vroue.

Tog word hierdie eienskap in die Bybel as iets moois geteken. Dit sier 'n mens. Dis iets om te begeer. Dis iets wat God aan sy kinders wil gee. Iets wat die Gees in ons wil werk. Maar wat bedoel ons met sagmoedigheid?

Jesus Christus is sagmoedig

Kom ons kyk na Jesus Christus. Die Ou Testament het Hom reeds aangekondig as 'n sagmoedige koning. Met sy intog in Jerusalem op 'n donkie vervul Christus die woorde van die profeet Sagaria: "Kyk, jou Koning kom na jou toe, sagmoedig, en Hy sit op 'n esel, ja, 'n jong esel, die vul van 'n


pakdier." Waarom word hy hier sagmoedig genoem? Hy is nie iemand wat Homself met groot magsvertoon laat geld nie. Hy is geen maghebber wat Hom hoog bo sy onderdane verhef nie. Geen tiran wat sy onderdane verdruk nie. Nee, Hy is sagmoedig. Hy verwerp nie sy troon deur die bloed van ander nie. Intendeel, Hy verwerp die troon deur sy

uitbring. Hy sal nie skreeu of uitroep of sy stem op die straat laat hoor nie. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lampfit nie uitblus nie ..." Hier sien ons ware sagmoedigheid in die menslike natuur van die Seun van God. Hoewel Hy seker van sy Goddelike roeping is en die hoogste en die beste vir die nasies kom bring, verskyn Hy as kneg in

alle nederigheid. Hy kom nie met groot geskreeu en magsvertoon soos die populistiese volksmenners nie. Hy laat sy roem nie uitbasuin nie. Hy soek nie Homself nie. Hy verloën Homself. Hy bring dit wat nodig is sonder om Homself luidrugtig te bemark. Dit is sagmoedigheid. In die geskiedenis in Mattheüs 12 word daardie profesie van Jesaja aangehaal. Na die genesing van die man met die verdorde hand volg baie

mense vir Jesus en Jesus genees die siekes. 'n Mens kan jou voorstel dat die entoesiasme toeneem by elke genesingswonder. Maar wat doen Jesus? Hy gee hulle 'n streng bevel dat hulle Hom nie bekend moet maak nie.

In die aanhaling uit Jesaja 42 is daar ook nog iets anders wat Jesus se sagmoedigheid teenoor mense in nood wys. Luister maar: "n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en die dowwe lampfit, sal Hy nie uitblus nie."



die bloed. Hy laat Homself 'n dienaar van sy volk wees. Hy buig Hom tot ons neer. Hy maak Homself een met ons. Hy is oor ons lot bewoë. Hy wil ons, verlorene, red.

Jesaja 42 gee ons 'n pragtige tekening van daardie sagmoedigheid. Daar word van Jesus Christus gesê: "Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehag het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies

Ons kan ons soms soos die geknakte riet en die dowwe lamppit voel. Hoe worstel ons soms nie met ons geloof nie. Dit lyk dan asof ons geloof amper verdwyn het, ons voel ons geestelik so swak. Ons hart bloei en die vlam binne-in ons lyk byna gedooft te wees. Is daar nog hoop vir ons? Ons is dan soos die geknakte riet wat byna gebreek is. Onder die harde hande van mense sal daardie riet vir goed in twee breek. Growwe, ongevoelige mensehande kan jou heeltemal stukkend maak. In Jesus se hande sal die geknakte riet egter nie verder breek nie. Hy sal dit eerder herstel. By Jesus is niemand sonder hoop nie, hoe hopeloos hy of sy ook mag dink dat sy situasie is. Dieselfde geld vir die dowwe lamppit. Die lamppit is byna gedooft. Onbedagsame optrede kan die klein vonkie wat nog oorgebly het, uitblus. Maar in Jesus se hande sal die vonkie veilig wees, want Hy is bedagsaam en vol begrip. Hy kom nie met 'n harde hand op die worstelende siele neer nie. Hy is sagmoedig en soek die herstel van hom of haar wat worstel.

Is dit 'n teken van swakheid? Beslis nie! Dis eerder 'n sterk wapen in God se hand om sy planne van verlossing uit te voer. Dit vra moed van hulle wat dit uitoefen en ook groot geloof in God wat hulle wil gebruik.

In Mattheüs 11 tipeer die Here Jesus Homself as sagmoedig wanneer Hy sê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele." In teenstelling tot die Fariseërs wat julle ondraaglike laste oplê en julle met hul wettisme voortjaag, neem Ek die las van julle op My, sê Jesus. Ek vervul vir jou alle geregtigheid.

Kom na My toe met jou sondes. Met die sware las van die kwaad wat jou neerdruk. Wees nie bang dat Ek jou sal afwys nie. Wanneer jy My as jou Verlosser leer ken, sal jy ervaar dat Ek sagmoedig is en werklik jou heil soek.

Die Gees maak sagmoedig

Die Heilige Gees wil jou na Christus se beeld vernuwe. Sodat ook daardie deug van sagmoedigheid in jou gestalte kry. Dis nie iets wat 'n mens van nature soek of het nie. Maar dis wat die Christen sien. En wat die Gees wil gebruik in die voortgang van sy verlossingswerk. Daarom roep Paulus ons ook op in Filippense 2: "Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem."

Hierdie gesindheid beteken vir ons sondaars dat jy klein van jouself dink en dat jy dit in jou verhouding tot ander wys. Galasiërs 5:26-6:5 wys wat dit in die praktyk beteken. Die Gees open jou oë om jou eie sonde en onwaardigheid raak te sien en ook die belangrikheid en waarde van ander mense voor God. Dan soek jy nie ydele eer om ander in hoogmoed uit te tart of in jaloesie te beny nie. Dan help jy iemand wat in sonde val, met 'n gees van sagmoedigheid reg. Jy wil die geknakte riet nie verbreek nie en die dowwe lamppit nie uitblus nie. Jy ken ook jou ware self. Dat jy 'n vuil sondaar is wat net deur genade staande kan bly en deur genade gered kan word. Jy verhef jou nie bo ander om van daaruit die ander hardvogtig te veroordeel nie. Jy besef dat dit ook jou sou kon oorkom. Geen menslike sonde is vir jou vreemd nie. Daarom waak en bid jy dat jy nie in versoeking kom nie. Jy

kom staan langs die sondaar, as 'n medesondaar, om hom reg te help. So dra ons mekaar se laste. Jy kan dit nie verdra wanneer jy sien dat ander gebuk gaan onder die las van bekommernis, versoeking, twyfel of hartseer nie. Jy wil saamstaan en saam stry.

Hoe jy oor jouself dink, bepaal jou houding teenoor die ander. Daarom waarsku Paulus: "as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself en laat elkeen sy eie werk op die proef stel". Ja, van nature is ek niks nie. 'n Verlore sondaar wat die oordeel verdien. Ek kan net elke dag in Christus roem, in sy genade. Dan gaan jy nie jouself met ander vergelyk nie. Dan gaan jy nie jouself prys nie. Jy staan in die eerste plek teenoor die Here self. As die Gees jou dit laat besef, dan kan jy nie anders as om sagmoedig te wees en mekaar se laste dra nie. Die Gees is besig om van jou 'n ander mens te maak. Om jou 'n ander gesindheid te gee. Sou jy Hom nie prys vir die begin van daardie vernuwingswerk nie? En sou jy nie bly bid vir die voltooiing van daardie werk nie? Jy wil tog hê dat die vrug van die Gees steeds meer en meer in jou hart en lewe gestalte kry? Tot eer van God en tot heil van ander?

***Ds Kees Kleijn** is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.*

KERKNUUS

Kerknuus

Nederland – korrespondent : Ds Axel Hagg

Die sinode van die GKv het met haar werksaamhede begin. Van die eerste besluite wat geneem is, gaan oor die sendingwerk. Daar is besluit dat die struktuur van die vrygemaakte sendingswerk eenvoudiger en doeltreffender georganiseer kan word. Die sinode in Harderwijk het daarom aan *De Verre Naasten* die opdrag gegee om die struktuur van die sending- en hulpverlening deur die GKv te vereenvoudig. Die bedoeling is dat die bestuur van *De Verre Naasten* met die sendingsdeputate in elke provinsie saamwerk om tot 'n vereenvoudigde en voldoende struktuur te kom.



Overijsselse sendingsdeputate betrokke in Papua (Indonesië) en die deputaatskap Zending Zuid-Afrika in Iq. betrokke, maar daar is onderling min kontak. Die landelike hulp-organisasie *De Verre Naasten* het tot op hede slegs die taak om die deputaatskappe van professionele hulp en advies te voorsien. Die onderlinge samewerking met die DVN is te beperk, en kan volgens die sinode uitgebrei en verbeter word. Die sinode formuleer die opdrag so duidelik moontlik, veral omdat sommige sendende instansies nie baie entoesiasies is oor 'n nuwe, landelike struktuur waarby hulle moontlik minder invloed kan uitoefen nie. Daarom het DVN-direkteur Robert Scholma 'n paar keer tydens die sinode die woorde "delikate prosesse" in die mond geneem. Aan hierdie nuwe struktuur moet in die komende jare vorm gegee word. Ook is daar gepraat oor die groot styging in die landelike koste vir die kerkverband. Ondanks die uitgebreide besprekings is daar geen besluite gemaak nie. Die algemene gevoel was wel dat hierdie situasie nie langer so kan voortduur nie. Die gemiddelde geldelike bydrae per adres het die laaste jare baie gestyg.

Dan gaan die Vrygemaakte- en Nederlands Gereformeerdes saam opnuut die rapport "Vrouwelike Ouderlingen en Predikanten" (VOP) van die Nederlands Gereformeerdes bespreek. Dit is wat ds Henk Messelink, voorsitter van die deputate Kerkelike Eenheid, sê. Hierdie VOP-rapport was vir die Nederlands Gereformeerdes in 2004 die aanleiding tot die oopstel van die ampte van ouderlinge en diakens vir vroue. Daardie besluit het toe baie vroe en teleurstelling opgeroep by die GKv. Volgens Messelink beteken die nuwe bespreking van die rapport, asook die toets van die alreeds baie bekritiseerde Skriftuurlike onderbouing, ook dat die gevolgtrekkings van die rapport opnuut aan die orde gestel sal word. Dat die Nederlands Gereformeerdes in die tussentyd al begin het om die besluite uit te voer, maak hierdie gesprek wel baie ingewikkelder, erken hy. Messelink het verduidelik dat die onderskeie deputate van die twee kerke gekies het vir 'n langtermyn aanpak. Dit is volgens hom noodsaaklik, omdat die uitsprake van die sinode van 2008 baie teleurstellend was vir die Nederlands Gereformeerdes. Dit het die voortgang van die onderlinge gesprekke baie gerem.

Die knelpunt in die gesprekke is volgens Messelink dat in 'n deel van die GKv wantroue leef t.a.v. die



dagagenda GS Harderwijk 2011

Vrijdag 15 april 2011

08.30 – 09.00	Ontvangst/koffie en thee	Agendanummer/ opmerkingen
09.00 – 09.30	Opening en mededelingen moderamen (ds. Niemeijer)	91
09.30 – 10.45	Deputaten Seksueel Misbruik in Kerkelike Relaties	35
10.45 – 11.00	Pauze	
11.00 – 12.30	Deputaten Evangelie & Moslims	53
12.30 – 13.30	Lunch (opening/sluiting ds. Leeftink)	
13.30 – 15.00	Deputaten Kerkelike Eenheid	71
15.00 – 15.15	Pauze	
15.15 – 17.00	Deputaten Kerkelike Eenheid	71
17.30 – 19.00	Diner (opening/sluiting ds. Moedt)	
19.00 – 20.15	Deputaten Kerkelike Eenheid/CGK	71
20.15 – 20.30	Pauze	
20.30 – 21.45	Deputaten Kerkelike Eenheid/CGK	71
21.45 – 22.00	Sluiting (ds. Harmannij)	

Op hierdie oomblik lyk die organisasie van die vrygemaakte sendingswerk soos 'n lappieskombers. Amptelik is sending en hulpverlening die verantwoordelikheid van die plaaslike kerke. Maar daar is te min onderlinge kontak en uitwisseling van werksaamhede. Elke sendingsdeputaatskap staan op homself. So is byvoorbeeld die Utrechtse sendingsdeputate betrokke by sendingwerk in o.a. die Kongo, die

NGK: "Die Nederlands Gerformeerdes sê wel dat hulle konfessioneel betroubaar is, maar is dit ook werklik so?" Om hierdie punt uit te diep, het hulle die afgelope jare daarvoor gekies om konkreet deur te praat oor die leer van die doop, die Heilige Gees, die kerk en die heilige nagmaal asook oor die hermeneutiek, die verstaan van die Skrif in hierdie tyd.

Hierdie gesprekke het twee "notities" opgelewer, waaroor die sinode binnekort sal besin. Die Landelike Vergadering van die Nederlands Gereformeerdes het al eerder ingestem met hierdie "notities". Die verhouding tussen Vrygemaak- en Nederlands Gereformeerdes is al baie jare gevoelig, verseker op landelike vlak. Op plaaslike vlak word steeds meer saamgewerk. En ook landelik is daar steeds meer toenadering. Maar daar is tog nog steeds 'n deel van die GKv wat vrae bly stel oor die konfessionele betroubaarheid van die Nederlands Gereformeerdes.

Ons hoop dat die Here ook hierin sy Heilige Gees sal gee om trou te bly aan sy Woord en dit wat ons daarvan in die drie formuliere van eenheid bely.

Australie – korrespondent : Herman de Jager



Ons deel graag met julle nuus vanuit die kerke in Australië.

27 Maart 2011 was 'n heuglike dag vir die kerke in Bunbury en Busselton. Die kerk in

Bunbury is 9 jaar gelede geïnstitueer. Die Here het die groei in die aantal lidmate geseën, sodat daar 'n nuwe kerk met 90 lidmate in Busselton geïnstitueer kon word. As kerke in Australië deel ons in hul vreugde, want 'n nuwe kerk is 'n pragtige bewys van God se voortgaande kerkvergaderende werk. Daar was ook onlangs groei in getalle in die Tablelands-huisgemeente (Cairns, Queensland). Drie gesinne het daarheen verhuis. Die Tablelands-gemeente staan onder die sorg van die gemeente van Armadale in Perth. Daar kon een ouderling en een diaken bevestig word.

Op 1 April 2011 is daar 'n spesiale klassis gehou om ds Rupke los te maak van Klassis Suid. Hy was voorheen predikant van die gemeente van Bunbury. Hy het die beroep as tweede predikant na die Southern River-gemeente (Klassis Noord) aanvaar.

Dan was daar ook die feesviering rondom die emeritering van ds Huizinga. Ds Huizinga het die Armadale-gemeente 24 jaar bedien. Daar is met

waardering en dankbaarheid teruggekyk op die waardevolle werk verrig deur ds Huizinga die afgelope 40 jaar. Onder die seën van die Here kon hy 16 jaar in Kanada en 24 jaar in Australië werksaam wees.

Wat die sending in Lae, Papua Nieu Guinea betref: Ds Wildeboer gee tans 'n reeks preke oor die vraag: "Hoekom woon ek 'n gereformeerde kerk by?" Kandidaat T Sikkema het verlede jaar die beroep as tweede sendeling in Lae aanvaar. Tans ondergaan hy en sy vrou sendingsopleiding in Hamilton, Kanada ("Diploma of Missiology") onder die begeleiding van dr AJ de Visser.

Suid-Afrika – korrespondent : Ds Pieter Boon

Van ons korrespondent van die VGK Pretoria, br Jaap Smit, het ons die volgende ontvang:



"Dit is met groot vreugde dat die gemeente uitsien na die koms van haar nuwe predikantsgesin. Waar dit eers nog so ver gelyk het, kom die tyd nou tog vinnig nader. As alles volgens plan verloop, mag ons ds J Drijfhout en gesin DV op 13 Mei 2011 in Pretoria verwelkom. Intussen is die gemeente bevoorreg om ds en mev Folkers weer in ons midde te kon ontvang. Verlede jaar het hulle die gemeente ondersteun en vanaf middel Maart 2011 is hulle weer in ons midde vir 'n tydperk van 3 maande. Dit sluit mooi aan by die koms van ds Drijfhout."

Verder kan gemeld word dat die eersvolgende **sinode** van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika DV sal plaasvind vanaf 13-17 Junie 2011. Maandagaand 13 Junie sal daar 'n kerkdien gehou word in die VGK Pretoria en Dinsdag 14 Junie sal die sinode met sy verrigtinge begin. Die vorige sinode het die kerk van Mamelodi aangewys as die roepende kerk. Mamelodi het egter weens omstandighede die kerk van Pretoria gevra om as roepende kerk op te tree. Ons wens alle deputaatskappe sterkte toe met die finalisering van hulle verslae en hoop dat dit spoedig na die kerke uitgestuur kan word. Alle kerke en veral afgevaardigdes word ook sterkte toegebied vir die voorbereidingsproses.

SONDE uit BEELD – en nou?

Leer & Lewe

Die sonde verdwyn uit die beeld weg. Berou en vergiffenis ook. So sê die postmoderne mens. Daaroor wil ons iets in hierdie artikel sê.

Aan die einde van die vorige eeu het die "Conferentie van belijdende gemeenskappe" gepleit om die toorn van God oor die sonde meer nadruk by evangelisasie te gee. "As net oor die liefde van God gepraat word, verloor die 'in sonde ontvang en gebore' krag met die gevolg 'n toenemende vermindering van morele besef. Norme vir sedelike gedrag word tot gedragskode verlaag. Die gesinslewe ontbind, aborsie word vrylik toegelaat. Die huwelik as instelling vir een man en een vrou word aangevul met ander definisies van wat 'n huwelik ook al kan wees." Hierdie sake kom voor in alle lande van die wêreld, in toenemende mate in die 21 eeu. Ook in ons land sien ons dit elke dag raak.

Die toorn van die Here

Dit is nogal ironies om die woord *toorn* te gebruik. Is dit nie ook uit die mode nie? In elk geval word dit dikwels vervang deur boosheid, kwaadheid, woede. Dit is egter 'n devaluasie van die betekenis van die woord *sonde*. Ag, as jy 'n dag wag, dan het die boosheid wel verdwyn. Maar as ons van die toorn van God spreek, blyk dit anders te wees. Dan kom begrippe soos vergelding, straf of wraak te voorskyn. God se toorn gaan nie sonder vergelding verby nie. As ons die Afrikaanse en Engelse tekste met mekaar vergelyk, dan kan ons iets van God se toorn begryp. Ps 90:11:

"Wie ken die sterkte van u toorn,
"Who knows the power of His anger?
oreenkomstig die vrees wat aan U
For Your wrath is as great as the fear
verskuldig is?"
that is due to You."

Die woorde "anger" en "wrath" hoort by mekaar. "Wrath" of *wraak* word as volg beskrywe: dit is die permanente houding van die heilige en regverdige God wanneer Hy deur sonde en kwaad gekonfronteer word. Dit is 'n persoonlike eienskap waarsonder God nie volmaak regverdig sou wees nie. Sy liefde sou dan verval in sentimentaliteit. Ons kan dus sê God is liefde, en God is wraak (Ef 2:3 en Rom 2:5).

God se toorn en sy vergelding gaan saam. Daarom word die vergelyking met die vrees van sy Naam

gemaak in Psalm 90. Vers 8 is nogal sprekend in hierdie verband: "U stel ons ongeregtighede voor U, ons verborge sondes in die lig van u aangesig." In vers 7 word duidelik hoe groot die toorn is: ons vergaan deur u toorn en deur u grimmigheid word ons verskrik.

Verborge sonde is bv. as jy steel en dit word nie opgemerk nie, dan is daar geen straf nie. So gaan dit by die wêreldlike regter. Niks kan egter voor God verborge bly nie. God oordeel oor die reinheid van hart. God verbied onder andere die gebod van hoerery, doodslag en steel, ook die bese luste. Want, omdat Hy 'n geestelike wetgewer is, spreek Hy tot die siel en net so tot die liggaam. (Inst Calvyn, II-VIII-6)

Ons gewete kla ons aan. Ons word verskrik, want Hy weet! En sy toorn ontbrand! Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God. Daarom is die gebruik van eufemismes van die postmodernisme so gevaarlik: ons verloor die besef van die toorn, die wraak van God!

Ons verloor die besef van die toorn, die wraak van God

Troos

Die Heidelbergse Kategismus vra na wat jy moet weet om getroos te lewe en te sterwe. Een van die drie wat genoem word is: hoe groot my sonde en ellende is. En daar begin die onderwysing. Dat ons sonde noem wat sonde is, lyk dikwels baie radikaal. So praat 'n mens tog nie!? Maar as ons dit nie so doen nie, dan sal ons die sonde nie bely nie. Eintlik sê ons dat ons nie gesondig het nie, waarmee ons Hom tot 'n leuenaar maak. Dink aan die voorbeeld oor die egskeiding wat ons die vorige keer aangehaal het. Hoe begryplik dit ook al kan wees, dit bly sonde.

Vanweë hierdie troos is sondekennis belangrik. Dan volg berou, dan gaan ons na God toe en vra om vergewing. Die verbondsverkeer word dan herstel. Net op hierdie manier is dit moontlik.

Gevolge

As die sonde uit die beeld is of versag word, dan is dit ook so met Christus. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Dan kan ons wel beweer dat Christus die middelpunt van ons lewe is,

maar ons lieg. Omdat die waarheid subjektief is in die postmoderne denke, het die waarheid leuen geword. Christus is uit beeld sonder dat ons dit weet. My gevoel is die maatstaf en dan bederf die woord *sonde* my aangename gevoel. Evangelisasie sonder die toorn van God verval tot humanisme.

Evangelisasie sonder die toorn van God verval tot humanisme

Prediking

Die prediking gaan beslis nie oor 'n sondelys nie. Dit sou indruis teen die Kategismus. Want uit die evangelie leer ons ons sonde sien. Die blye boodskap ontdek ons sonde. Daarom is dit 'n blye boodskap: dit bring ons na Christus toe. Hy kom

opnuut midde in my lewe staan as sentrum vir my denke en dade. Dan kom alles onder die vraag: Sou Hy wil hê dat ek na onweloweglike webwerwe gaan kyk, of dat ek my op 'n bepaalde manier klee, dat ek sulke boeke lees, dat ek geen belangstelling vir Bybelstudie het nie? Die prediking leer ons dat ons deur die Heilige Gees vernuwe word. Dan leer ons om die sonde te haat! Hy leer ons om ons lewe buite onself in Christus te soek. Hy is die waarheid en die lewe. Daarom is die postmodernisme leuenagtig. Gee die moderne denke nie 'n kans nie. Bêre die Woord in jou hart dat jy teen Hom nie sal sondig nie. (Ps 119: 11)

Hans Snijder

GELOOF en WETENSKAP

Wetenskap & Tegnologie

Oor hierdie onderwerp is reeds talle artikels en boeke geskryf en toesprake gehou. Is dit nog steeds aktueel? Die vraag kan ook anders gestel word: Hoe versoen ons dit wat aan die meeste skole, universiteite en ander opvoedkundige instellings geleer word – naamlik, dat wetenskap die ontstaan van alles verklaar as gevolg van natuurlike prosesse – met ons geloof in God, die Skepper van hemel en aarde? Of het ons al so gewoon geraak daaraan dat ons die lewe verdeel in dit wat ons glo (persoonlike verlossing of die sogenaamde Sondagslewe) en dit wat die wetenskap as die waarheid aan ons voorhou?



Sou dit 'n probleem wees om 'n soort vrede met hierdie skeiding tussen "natuur en genade" te handhaaf en gelukkig voort te leef? Waarom is daar 'n konflik tussen ons geloof wat die hele lewe omvat, om elke dag met hart en siel aan die Here te behoort,

en dit wat aan ons geleer en voorgehou word deur die wetenskap? Dink maar net aan die sogenaamde "wieë van die mensdom" naby Krugersdorp. Behalwe dat dit 'n oulike foefie is wat talle toeriste lok, is dit wel deeglik op 'n "geloofsoortuiging" gebou! Volgens Hennie Mouton, skrywer van **Skepping & Evolusie** (Mouton, 2008), is die Sterkfontein-fondse, wat sogenaamd bewys is van menslike evolusie en oorsprong in Afrika, glad nie eens wetenskaplik bewys nie. Dit word aanvaar op grond van waarskynlik politieke oorwegings.

Strydbyle

In die jare 2005/6 het die Amerikaanse president dit goedgekeur dat die skepping ook in skole geleer mag word. Die president was nogal positief ten opsigte van die geloof dat daar wel 'n skepper is wat die aarde laat ontstaan het. Francis Collins, 'n wetenskaplike wat gespesialiseer het in die navorsing rondom DNA (genetiese inligting), het tydens 'n geleentheid van die president 'n toekenning vir sy uitnemende wetenskaplike bydrae ontvang. Collins, 'n gelowige, noem in sy boek *The language of God* (Collins, 2007) dat die president tydens die toekeningseremonie juis melding gemaak het dat God die skepping wonderlik inmeekaargesit het. Waarskynlik as gevolg van hierdie positiewe geluid het 'n skoolbestuur in die stad Dover, Pennsylvania (VSA) besluit om die skepping by die leerinhoud van die wetenskaplike vakke in te sluit. Daar is onmiddellik 'n hofsak aangehangig gemaak deur ouers wat baie

sterk daarteen gekant was. Die gevolg... die hele skoolbestuur is uitgestem en 'n nuwe bestuur is verkies wat glad nie "geloof" as deel van die wetenskap geduld het nie. 'n Mens kan jouself die sterk emosies wat daar losgemaak is, goed indink. Maar waarom die geweldige sterk teenkanting?


In Nederland het 'n voorstander van die sogenaamde Teïstiese evolusieteorie (prof Cees Dekker) met die minister van onderwys, kultuur en wetenskap (Maria van der Hoven) gaan gesels oor die moontlikheid om 'n bespreking aan die gang te kry oor wetenskap en lewensbeskouing. Volgens Dekker behoort daar baie meer ruimte te wees vir positiewe gesprekke rondom die sogenaamde "blinde toeval" of ook die "ontwerp" van die aarde. Dit behoort juis moontlik te wees om as wetenskaplike tog jou geloof te kan uitleef sonder om as onwetenskaplik afgemaak te word. Die minister het dit baie positief ontvang en het via haar webtuiste begin om gesprekke aan te moedig. Die reaksie was verstommend – uiters vyandig en negatief. Vooraanstaande ongelowige wetenskaplikes wou glad nie eers aan enige gesprek deelneem nie. Die lang messe het geglinster en enige betrokkenheid is totaal afgewys. Dekker het selfs gevrees dat sy reputasie as wetenskaplike in gedrang sou kom. 'n Boek onder redaksie van Dekker waarin 22 gelowige wetenskaplikes hul standpunt uiteensit oor hoe hulle geloof en wetenskap met mekaar versoen, het in Nederland min of meer dieselfde reaksie uitgelok (Dekker, 2008). Die eerste eksemplaar is in 2008 aan minister-president Balkenende oorhandig, wat in sy toespraak die volgende opgemerk het: "Het geloof maakt ze geen betere wetenschappers, maar ze stellen wel andere vragen."

Ander vrae

Die vraag waarom daar so 'n heftige reaksie ontlok word by ongelowiges, is voor-die-hand-liggend. Dat ongelowiges 'n ander lewens- en wêreldbeskouing as gelowiges het, is byna vanselfsprekend. Dit bepaal die vrae wat gevra sal word oor die ontstaan van die aarde en die mens. Die kwessie is egter nie altyd so eenvoudig nie en daarom is dit noodsaaklik om die stryd wat daar plaasvind asook die terrein waar die stryd op sy hewigste is, goed te ontleed en te verken. Gelowiges kom daagliks in aanraking met stellings soos "die aarde is soveel miljard jaar oud" of "die mens stam van die aap af" en dit is, veral vir wetenskap-studente, baie belangrik om hierdie stellings te evalueer en dan die regte vrae te vra. Die ongelowige wêreldbeskouing kom basies daarop neer dat alles deur die natuur self ontstaan het. Die materie het self ontwikkel tot die aarde met sy komplekse lewensvorme wat rondom ons waargeneem en deur die wetenskap bestudeer word. Aan die ander

kant is daar talle gelowiges wat die ontstaan van die aarde vanuit 'n sogenaamde wetenskaplike oogpunt in hul geloof wil "inwerk". Dus God, as die Ontwerper, het die evolusieproses gebruik om alles te skep. God het die natuurwette daargestel waarbinne alles oor miljoene jare "ontwikkel" het. Hierdie gelowiges is die aanhangers van die sogenaamde Teïstiese evolusie en ook van die Biologos-teorieë. Dit staan ook bekend as die "ou aarde-teorie". Dit spreek byna vanself dat hierdie rigting probleme sal hê met Genesis en die skepping in 6 dae!

Kreasioniste daarenteen glo dat God die aarde geskep het met alles daarop en daaraan – dus ook volwasse bome kompleet met jaarringe. Hierdie rigting word die "jong aarde-teorie" genoem. Die probleem by hierdie teorie is nie die feit dat God die wêreld geskep het nie (hulle glo dit), maar dit gaan oor hóé dit geskep is. Daar was egter niemand teenwoordig toe God besig was met die skepping nie, dus hoe Hy dit gedoen het, sal altyd op feilbare teorieë berus! Presies hoe God geskep het, word nie in Sy Woord aan ons geopenbaar nie, maar wel dat Hy geskep het.



Darwin

Die uitgangspunte en denke

Vir die ongelowige is dit belangrik dat hy antwoorde moet kry op die vrae oor die ontstaan van die aarde sonder God as Skepper. Darwin se teorie het God totaal uit die skepping verwyder. Dit kan selfs so sterk gestel word dat die ongelowige wetenskaplike nie in die Skepper glo nie, maar wel in die skepping – die sogenaamde "moeder aarde" wat aan alles sy oorsprong gegee het. Die stryd gaan dus nie oor teorieë nie, maar oor 'n lewens- en wêreldbeskouing. Kan gelowiges daarom nie goeie wetenskaplikes wees

nie? Inteendeel, alles wat tans bestudeer word, gee ons 'n kykie in die natuur op mikrovlak, aldus die skrywer Wijnand Zeger in sy boek *God of Darwin*. Vrae oor die ontstaan van alle dinge (die natuur op makrovlak) berus op aannames met die veronderstelling dat alle prosesse verloop het soos wat hulle tans verloop. Gelowiges kan myns insiens beter wetenskaplikes op mikrovlak wees, omdat hulle werk nie deur die beperkinge van 'n evolusieraamwerk gestrem word nie. Die werklike vrae oor die ontstaan van die aarde lê in die rigting van geloof, dus die aannames wat nodig is om byvoorbeeld evolusie te kan aanvaar of glo. Die gelowige wetenskaplike kan die natuur bestudeer sonder enige omgewingsbeperking, soos wat God dit wou gehad het, naamlik om Hom as Skepper daarin te sien en te verheerlik

(natuur op makrovlak). Waarom is die stryd so heftig? Dit is die ou stryd tussen die lig en die duisternis, tussen geloof en ongeloof. Die Satan wil die mens graag laat glo dat daar geen God is nie – "En die draak was vertoorn op die vrou en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuigenis van Jesus Christus hou" (Openb 12:17).

Frank van der Kooy het oor verskeie jare as gelowige wetenskaplike in natuurbewaring en later omgewingstudies gewerk. Deur gesprekke met ander wetenskaplikes het hy die sogenaamde konflik tussen geloof en wetenskap in verskeie vertakkinge van die wetenskap ervaar. Hierdie artikel is die eerste van 'n reeks van ses wat oor Geloof en Wetenskap handel.

DAMASKUS-ERVARING in MAMELODI

Boekbespreking

Al ooit gehoor van 'n *funksionele mensbeskouing*? Dit is as iemand anders vir jou slegs 'n gebruiksvoorwerp word. Jy ontken sy menswaardigheid. As jy die persoon klaar gebruik het, kan jy hom soos 'n graaf of 'n hark wegbêre. Jy hoef verder nie meer aan hom te dink nie.

In sy boek *Die Dood van die God van my Vaders* skryf dr Nico Smith (1929-2010) oor die manier waarop blankes en swartes in Suid-Afrika saamleef. Hoe is dit moontlik dat hulle langs mekaar voortbestaan, terwyl hulle so min van mekaar weet?



Wie was dr Nico Smith? Dalk onthou sommige van die ouer mense hom nog as daardie NG-dominee wat in die apartheidsjare in Mamelodi gaan woon het. Dit is dan ook waaroor sy boekie handel: *hoe die lewe in die township Mamelodi my godsbeskouing verander het*. Hy skryf oor hoe Mamelodi as township

ontstaan het en hoe swart mense geforseer is om uit areas soos Garsfontein te verhuis om plek te maak vir blanke spogbuurte. Hy vertel hoe dr Verwoerd meer as een keer skriftelik opdrag gegee het om die townships so ongerieflik moontlik te maak – sonder parkies, swembaddens, winkelsentrums – juis om druk op die swart mense te plaas om na die tuislande te verhuis.

Abnormaal!

Dr Smith wys uit **hoe abnormaal die normale lewe in Suid-Afrika was/is**. Hy vertel oor 'n wit vrou wat hom uit Waterkloof bel en vertel dat haar bediende die oggend skielik inmekaar gesak en gesterf het:

"Wat moet sy met die liggaam doen? Ek vra uit oor die vrou. Naam? 'Mary'. Van? 'Ag hete, dominee, u weet hierdie swartes het sulke snaakse vanne. Ek het nooit probeer om haar van te onthou nie.' Familie? 'Weet van geen familie nie.' Waar kom sy vandaan? 'Nooit gevra nie.' Dit ten spyte van die feit dat Mary 35 jaar lank vir die gesin gewerk het. 'En weet jy dominee, sy het feitlik al my kinders vir my grootgemaak', vertel sy sonder 'n sweem van hartseer in haar stem."

Hierdie voorbeeld is tiperend van hoe baie blankes met swart mense omgaan. "Jy praat net met hulle wanneer jy vir hulle wil sê wat hulle vir jou moet doen!"

Iemand bel dr Smith 'n keer met die volgende 'probleem':

"Hy sit met 'n reuse-probleem en soek raad. Hy en die swart man wat in sy tuin werk, het altyd Saterdag saam sekere take in die tuin verrig. Daardie oggend het die "boy" egter nie opgedaag nie. Later het die werkgewer in die bediende-kamer gaan kyk of hy miskien siek is. Tot sy skok ontdek hy die man is in sy slaap oorlede. En nou weet hy nie wat om met die man se liggaam te doen nie. Kan ek raad gee? Ek vra toe eers uit oor die werker. Weet hy as werkgewer miskien of hy familie hier in die stad gehad het? Nee, hy weet nie. Weet hy miskien waar die man vandaan gekom het... Nee, ongelukkig het hy geen idee waar die man vandaan gekom het nie. Weet hy miskien aan watter kerk die man behoort het... Nee, hy het nooit gehoor dat die man oor 'n kerk praat nie... Ek dink toe dat die gestorwe tuinwerker miskien maar net tydelik by die man gewerk het en vra hoe lank die man by hom was. En toe moet ek met 'n skok hoor: 'Veertig jaar'. Ek kon my ore nie glo nie! In my hart dink ek: My God, veertig jaar by hom gewerk en hom nooit uigevra oor sy lewe nie!"

En dit kom dan ook nie as 'n verrassing wanneer dr Smith vertel dat die blanke nie by die begrafnis opgedaag het nie.


"Altyd weer het ek in my hart getreur as by die begrafnis vertel word hoe lank die oorledene by wit mense gewerk het. Hoe was dit moontlik dat die wit werkgewers nooit die behoefte gevoel het om aan so 'n getroue werker die laaste eer te gaan betoon nie? Het apartheid wit en swart mense so ver van mekaar verwyder laat raak dat daar geen gevoel van medemenslikheid by die wittes was nie?"

As iemand sou dink dat hierdie maar net voorbeelde is uit die vergetelheid van die 1980's se apartheidsjare, laat ons maar dadelik daarby voeg: elkeen wat in 2011 in Suid-Afrika woon, weet dat sulke dinge nog daagliks voorkom. Die boodskap in dr Smith se boek is vir ons vandag bitter noodsaaklik. 'n Mens kan nie so met mekaar lewe nie!

Geen Bybeltekste

Wat opval, is dat 'n mens nêrens in dr Smith se boek Bybeltekste vind nie. Daar word van tyd tot tyd verwys na Bybelse gebeurtenisse. Dalk reageer Smith teen die NG Kerk wat – soos hy sê – in die verlede apartheid met vers en kapittel uit die Bybel verdedig het.

Tog maak die gebrek daaraan dr Smith se boek arm. Die Bybel is so ryk aan wysheid vir vandag se samelewing. Die Bybel is ook gebalanseerd. As ons na aan die volle Woord lewe, bewaar die Gees 'n mens vir eensydighede. Ongelukkig verval Smith in 'n eensydig prentjie, al bly die deel wat hy benadruk, die waarheid en moet veral wit Afrikaners dit goed tot hulle laat deurdring.



Oneerbiedige titel

Die titel van die boek is waarskynlik bedoel om aandag te trek, mense te skok, mense die boek te laat koop. Tog dink ek 'n mens kan nie om sulke redes so 'n titel kies nie. Meerdere kere skerm dr Smith in sy boek dat hy nie 'n God-is-dood-teologie aanhang nie. 'n Beter titel vir sy boek sou daarom iets gewees het soos:

Damaskus-ervaring in Mamelodi. Dit is nie God wat verander het nie, maar dit is dr Smith wat in Mamelodi tot ander insigte gekom het.

Ongelukkig merk 'n mens al lesende dat die bevrydingsteologie vir dr Smith in die plek gekom het van die dooie ortodoksie van die NG Kerk waarin hy opgegroeï het. Die liberale teologie het ook sy tol geëis, soseer dat dit vir dr Smith nie meer sin maak om God met *Ons Vader in die hemel* aan te spreek nie (bl 198).

Eendimensioneel

Wat eensydig is in dr Smith se boek, is dat hy apartheid die skuld vir alles gee. Sy boek sou meer diepte gehad het as hy sou beseft dat apartheid voortgevloei het uit die sondeval, die geneigdheid van elke onbekeerde mens om net sy eiebelang te soek. Die feit dat mense in Suid-Afrika by mekaar verbyleef, is nie net te wyte aan die kleurgrens nie. In Nederland het ek gemerk hoe mense met dieselfde taal en kultuur ook by mekaar verbyleef. Hoe dikwels staan daar nie berigte in Europese koerante oor mense wat vir weke of selfs maande dood in hul huis lê voordat iemand dit agterkom nie...

Dit is jammer dat dr Smith verval in 'n reduksionisme as hy Suid-Afrika se probleme in die hede (die boekie is in 2009 geskryf) probeer verklaar. Soos ons gewoon is van die ANC, skryf ook dr Smith al die misdaad, korrupsie en nepotisme van die hede toe aan die apartheidsverlede. Daarmee help dr Smith die land nie vooruit nie. 'n Mens proe dat hy – as

deel van die ouer generasie – nog so effens 'n wrok koester oor wat hom en 'sy' mense in Mamelodi aangedoen is. Ek is bang dat dit veroorsaak dat hy ander aspekte oor die hoof sien, soos byvoorbeeld:

- Die Christelike geloof onder die bevolking was en is dikwels nog baie oppervlakkig en met die heidendom vermeng.
- Christelike rentmeesterskap m.b.t. finansiële beheer was en is daarom baie keer afwesig. Die land gaan daaronder gebuk. Smith noem in sy boek voorbeelde hiervan wat hy self beleef het. Tog maak hy geen gevolgtrekkings nie.
- Die teologie van rewolusie het heelwat mense opgesaal met 'n etiek waarin 'n menselewe nie veel werd is nie.
- Die gewapende stryd uit die jare sewentig en tagtig het mense se norme en waardes geërodeer (dit geld vir sowel die polisie as vir hulle wat by die *struggle* betrokke was). Dit is 'n era waarop Suid-Afrika nie trots kan wees nie, in teenstelling met hoe die ANC die *struggle* ophemel. Agteraf sou die land veel meer gebaat het by 'n proses van geweldlose verset, soos Gandhi byvoorbeeld in Indië geloods het. Dit sou die land nie met 'n spiraal van geweld opgesaal het waarin 'n menselewe nou goedkoop geword het nie.

Maar agteraf gepraat het nie sin nie. 'n Mens moet na die toekoms kyk. Laat ons fokus om in die toekoms die beste te soek vir elke mens in hierdie land. En wat dit betref, sal 'n mens die les wat dr Smith ons wil leer, baie ernstig moet opvat.

Saam in Christus

Al het blankes en swartes uiteenlopende kulture, vir Christene mag kultuur nooit 'n verskoning wees om mekaar nie te ontmoet nie. Dis treffend wat dr Smith skryf van die gesprek wat hy nog onlangs gehad het:

“Ek sit by 'n tafel saam met 'n aantal lidmate van 'n gemeente in die ooste van Pretoria. Hulle vertel my van die wonderlike jong predikant wat hulle tans het. Hy preek nie vir hulle nie, maar praat met hulle op 'n natuurlike manier. Ek vra toe ewe ongeërg of die nuwe dominee hulle ook al toelaat om hul huiswerkers saam te bring na die eredienste op Sondag. Nee, maar... hulle sal tog weinig verstaan van die eredienste in Afrikaans. Nou waarom sou hulle so dink? Verstaan die swartes wat by hulle in die huise werk, dan nie Afrikaans nie? In watter taal praat hulle dan by hulle huise met hulle? Nee, hulle

praat Afrikaans met hulle. 'Maar julle sê vir my julle nuwe dominee preek nie vir julle in preektaal-Afrikaans nie. Waarom dink julle sal hulle nie julle dominee se preek verstaan nie? Daarby sal dit vir julle so 'n ideale geleentheid skep om saam met die huiswerker 'n koppie tee te gaan drink en te vra sy moet vertel hoe sy die preek verstaan het. Julle kan dan saam meer duidelikheid kry oor die preek.”

Dr Smith vertel verder hoe die mense 'n bietjie ongemaklik begin raak het oor sy voorstelle.

Ek dink dit is tyd dat blankes hul ongemaklikheid oorwin! Kom ons gebruik die geleentheid wat die kerkverband bied om oor kultuurgrense heen saam te staan as Christene!

N.a.v. die boek: *Die Dood van die God van my Vaders. Hoe die lewe in die township Mamelodi my godsbeskouing verander* het deur Nico Smith, Uitgewer: Griffel Media, 2010

Ds PG Boon is sendeling in Soshanguve.

Sperdatum vir die April-uitgawe
van *Kompas*:

15 Mei 2011

PALESTYNSE CHRISTENE

In Pers-pektief

Op 7 April 2011 het die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch 'n simposium aangebied oor *Kairos Palestina* en was hulle die gasheer van 'n afvaardiging van Palestynse Christene.



Die Palestyne het Suid-Afrika besoek om hulle *Kairos Palestina*-verklaring van 2009 verder bekend te stel, om toeligtig te gee op die huidige benarde situasie van die Palestynse Christene en om die verdere ondersteuning van Suid-Afrikaanse kerke in te roep. Die verklaring is reeds sterk ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, in 'n boodskap van 31 Maart 2010.

Tydens die simposium in Stellenbosch het 3 van die 15 opstellers hul *Kairos*-verklaring met geesdrif toegelig. Hulle is ondersteun deur 'n afgevaardigde elk van die Protestantse Kerk Nederland, van sowel die Noorse as die Duitse Lutherse Kerk en deur 'n Messias-belydende Jood uit die VSA. Die Fakulteit het die *Kairos Palestina*-dokument in Afrikaans vertaal en het die geleentheid gebruik om hul solidariteit met die Palestynse Christene te betuig. Graag gee ek 'n oorsig van die presentasies en 'n beoordeling.

Kairos

Die Griekse woord *kairos* beteken onder andere regte of kritieke of gunstige of spesiale oomblik, oomblik van waarheid, goeie geleentheid, (tyd van) moeilike omstandighede. U mag dalk onthou dat in 1985 'n groep hoofsaaklik swart teoloë die *Kairos*-verklaring in Soweto opgestel het, nadat op 21 Julie 1985 die staat van beleg in Suid-Afrika afgekondig is (sien die teks onder *Kairos Document* in *Wikipedia*). Die opstellers het die kerke in Suid-Afrika en in die buiteland uitgedaag om op grond van hul Christelike

beginsels standpunt in te neem teen apartheid. *Wikipedia* verklaar dat hierdie dokument 'n uitstaande voorbeeld is van *kontekstuele* of *bevrydings-teologie*. Dit is op verskillende plekke in die wêreld nagevolg deur kerke om onderdrukking in hulle eie land aan die kaak te stel. Die Palestynse Christene het nou ook op 15 Desember 2009 hulle *Kairos Palestina*-dokument gepubliseer.

Historiese agtergrond

Vir die agtergrond van die konflik tussen die Israeli's en die Palestyne moet 'n mens meer as tweeduisend jaar teruggaan. Rondom die begin van ons jaartelling was die landstreek Judea en dele van Galilea bewoon deur Israeliete en die tussenliggende Samaria deur die nie- of half-Joodse Samaritane. Die inwoners van Judea is Jode genoem. By die inlywing van hierdie gebiede by die Romeinse ryk, nadat die Makkabeërs verslaan is en Pompeüs Jerusalem verower het in 63 voor Christus, het hierdie gebied die Romeinse provinsie *Palaestina* geword. Hierdie naam het hulle ontleen aan die ou gebiedsnaam *Filistea* (die kusgebied van die ou Kanaän, waar oorspronklik die Filistyne gewoon het).



Na die verwoesting van Jerusalem en die vrywel volledige uitmoording van die stad se inwoners deur die Romeinse generaal (en latere keiser) Titus in die jaar 70 na Christus, is Judea in 'n groot mate ontvolk. Baie van die oorlewende Jode het in die verstrooiing (die "diaspora") gegaan na die Midde-Ooste, Europa en Noord-Afrika. Die bewoners van Palestina het daarna bestaan uit die oorblywende Jode, Samaritane en bekeerde Christene. Met die verowering van die gebiede rondom die Middellandse See deur die moslem-Arabiërs in die sewende eeu, het 'n groot deel van die bewoners van Palestina moslems geword (dit het belastingvoordele ingehou). Met die kruistogte was daar in die gebied die Christelike Koninkryk Jerusalem, van 1099 tot 1187, wat die Christendom bevorder het. Daarna het eers die

moslem Mameluke en later die Turke die gebied onder beheer gekry.

Aan die einde van die 19^e eeu het die Sionisme ontstaan, 'n beweging van sekulêre sowel as religieuse Jode, om in Palestina te gaan woon op grondgebied wat hulle van die bewoners gaan koop het. In 1917 het die Engelse die bewind in Palestina oorgeneem van die Turks-Ottomaanse ryk en het die immigrasie van Jode sterk toegeneem. Na die holocaust van die Tweede Wêreldoorlog het die immigrasie van Jode nog meer gegroei en het die Sionisme sterk geword. In 1947 is die Joodse staat Israel uitgeroep as selfstandige staat. Soos 'n mens kan verstaan, was die Palestyne nie gelukkig met hierdie oornam van 'n groot deel van hulle land deur die Jode nie.

Die Verenigde Nasies het in 1948 besluit om die staat Israel te erken op 'n deel van die Palestynse gebied. Die oorblywende gebied sou dan 'n Palestynse staat word. Maar die Palestyne en Arabiere het dit nie aanvaar nie en oorlog teen die Israeli's verklaar. Sedert die onafhanklikheidsoorlog van Israel van 1947 tot 1949 was daar tot 2006 'n verdere ses oorloë tussen Israel, die Palestyne en ander buurlande, en twee volksoopstande ("*Intifada's*") van die Palestyne. By die meeste oorloë was die Israeli's die oorwinnaars en het hulle hul magsgebied uitgebrei. Op die oomblik beset hulle die hele Palestina, plus die Golan Hoogland van Sirië. Tans leef daar ongeveer drie miljoen Palestyne in vlugtelingkampe buite Palestina, veral in Libanon. Hulle wil terug na hul familiegrond en woonplek.

Hierdie ontwikkelings van die 20^e eeu het 'n volkekundige dilemma laat ontstaan. Die Jode het 2000 jaar gelede in 'n deel van Palestina (Judea en Galilea) gewoon, terwyl ander mense die laaste 2000 jaar daar gewoon het. Wie se land is dit nou? Die logiese oplossing sou wees dat Jode, Moslems en Christene broederlik moet saamwoon in 'n Palestyns-Israeliese staat, met vryheid van godsdiens, ontwikkeling en welvaart vir almal. Maar as gevolg van die sterk konflikte wat gegroei het, lyk dit na 'n oplossing wat op hierdie stadium moeilik gerealiseer kan word. Daarby voer fanatici van die Palestynse moslem-kant (op die oomblik die Hamas-bewind in die Gasastrook) en van die Israeli's se kant (die party van Benjamin Netanyahu) die botoon. Die gematigdes, waaronder die Palestynse Christene, kry min kans om hulle saak te stel.

Die stigting van die staat Israel het ook die verbeelding van Christene aangegryp en hulle het Bybelse tekste uit die Ou Testament gaan lees as profesieë

van die huidige staat Israel. Of hulle het gemeen Christus kom binnekort terug en dan sal die Jode weer in Jerusalem moet woon. Die Palestyne noem hierdie mense "Sonistiese Christene". Hulle verleen aansienlike internasionale politieke steun aan die Israeli's.



Palestynse Christene

Palestynse Christene woon sowel in die staat Israel as in die Palestynse gebiede wat nou deur Israel beset word (veral in Betlehem). Tussen hulle eie volksgenote van hoofsaaklik moslems, is hulle 'n religieuse minderheid. Hulle word steeds nie as volwaardige Palestyne beskou nie, omdat hulle bande het met die westerse Christendom, wat die Jode steun. Maar vir die Israeli's is hulle weer Palestyne en dus deel van die terroriste-probleem.

Die Palestynse Christene het in die verlede baie met mekaar gestry, veral oor die erkenning en besit van die sogenaamde "heilige" plekke, waar hulle kerke gebou het. Hulle behoort deurgaans aan die Siries-, Grieks- of Armeens-Ortodokse Kerk, die Rooms-, Siries-, Grieks- of Armeens-Katolieke Kerk, die Koptiese, Latynse, Maronitiese, Ethiopiese, Lutherse of die Anglikaanse Kerk. Die getal protestantse Christene in Palestina is maar baie min.

Die Palestynse Christene voel, net soos hulle moslem volksgenote, ook verontreg deur die Israeliese besettingsbeleid en voel verontreg en ingeperk in hul eie land. Maar hulle wys gewelddadige opstand af. Hulle wil dat deur die bestaande internasionale verdrae reg aan hulle geskied. Na die oorloë van die afgelope meer as 60 jaar voel hulle hulle is in 'n doodloopstraat. Hulle land word nog steeds afgeneem vir die vestiging van nuwe Joodse nedersettings, vir die bou van die Palestynse Muur en vir die bou van paaie deur hulle gebied vir die Israeliese weermag. Op die oomblik besit die Palestyne minder as 22% van hul land. As gevolg van die stryd binne die Palestyne

(PLO, Hamas, Hezbollah) is hul politieke kragte versnipper. Daar heers hoë vlakke van werkloosheid. Die jongmense trek weg na westerse lande, vir werkseleenthede en 'n beter toekoms, en daarmee verdwyn die kerke se toekoms.

Kairos Palestina

Die Palestynse Christene het die effek van die Suid-Afrikaanse *Kairos*-verklaring van 1985 op die internasionale Christelike gemeenskap gesien. Gevolglik het hul kerklike verteenwoordigers in 2009 'n *Kairos Palestina*-dokument opgestel, wat toegespits is op die Palestynse probleme. Hulle roep hierin die internasionale Christelike gemeenskap op om hulle daadwerklik te ondersteun in hul stryd om reg en geregtigheid. Hulle erken dat die oplossing vir die Palestyns-Israeliese probleem nie eenvoudig is nie, maar daar moet spoedig 'n oplossing gevind word vir die sterk uiteenlopende belange van alle partye.



Die uitgangspunte van *Kairos Palestina* is dat elke mens, ook die Palestyne, 'n menswaardigheid het as skepsel van God. Dit vereis wedersydse respek en vrede. Die Bybelse boodskap gaan oor verlossing deur die geloof in Jesus Christus en nie oor een of andere politieke bestel nie. Die Weste het probeer om die Jode te vergoed vir die onreg wat hulle in Europa aangedoen is. Dit is egter ten koste van die Palestyne en hul land gedoen en so is 'n nuwe onreg begaan. Daar is geen Bybelse regverdiging van die onreg wat die Palestyne nou aangedoen word nie. Die Blye Boodskap van die Woord van God moet 'n bron van lewe wees en nie 'n bron van dood en vernietiging nie.

Die kerk se roeping is om die koninkryk van God te verkondig en dit is 'n koninkryk van geregtigheid, vrede en menslike waardigheid. Die kerk moet profeties optree teen onreg en as hulle kant moet kies, moet dit die kant van die verdruktes wees. Die kerk kan nie stilbly en agter godsdienstige vroomheid wegskuil nie. Die kerk moet bid vir en werk aan 'n nuwe samelewing en die krag van die liefde verkondig in plaas van wraak. Ook jou vyand is beelddraer van God en jy moet hom liefhê, maar die kwaad teenstaan.

Tekens van hoop vir hulle is dat die kerke in Palestina leef en aktief is, dat daar samewerking groei tussen die verskillende kerkgenootskappe, dat daar saamhorigheid is met die moslem Palestyne en dat daar gesprekke is met gematigde Jode en Israeli's. Die

buitewêreld neem ook al hoe meer kennis van die haglike situasie van die Palestyne en dat hul politieke regte herstel moet word. Nou is die tyd om die onheil en geweld waaraan die Palestynse volk blootgestel is, met 'n Christelike boodskap van liefde, vrede en samewerking te probeer keer. Hierdie boodskap gaan uit sowel na die Palestynse moslems as na die Israeli's.

Beoordeling

Dit is verblydend om te hoor dat daar deur die Palestynse Christene liefde en vrede verkondig word en geen wraak en oorlog nie. Hierdie Christelike boodskap klink duidelik deur in die *Kairos Palestina*-verklaring. Die bevrydingsteologie, waar God sonder meer aan die kant van die arme of verdrukke sou staan, staan nie ooglopend uit in hierdie dokument nie. Daar is ook 'n duidelike oproep aan hul radikale moslem volksgenote om die oorlogsgeweld te staak en om hulle as volk te verootmoedig en berou te toon oor eie verkeerde dade en geweld. Die Christene in Palestina, wat hul geregtigheid en heil integraal van Christus verwag, verdien ons morele ondersteuning vir 'n regverdige oplossing van hul politieke probleme en vir vryheid van godsdiens.

Simpatie met die Jode as gevolg van die pogroms (Jode-vervolgings) in Oos-Europa, anti-semitisme en die holocaust in die Tweede Wêreldoorlog moet inderdaad nie ontaard in 'n nuwe probleem, naamlik die verdrukking van die Palestyne, nie. Ek meen ook die Bybeltekste oor 'n vrederyk vir die volk Israel moet toegepas word op die *geestelike* nakomelinge van Abraham, deur die geregtigheid van die geloof in Jesus Christus (Rom 4:13), en nie sonder meer op gelowige of ongelowige Israeli's nie.

Die Palestyne het deurgaans gekies om vanaf 1947 oorlog te maak teen die Israeli's, eerder as om oor vrede en samewerking te onderhandel. Dit het hulle duur te staan gekom, omdat hulle al die oorloë tot sover en daarby die beheer oor hulle land verloor het. Die radikale elemente in die Palestynse volk (o.a. Hamas in die Gasa-strook) moet geïsoleer word of oortuig word van die wins van 'n onderhandelde skikking. Die Israeli's moet waarborg kry dat hul volksbestaan nie meer bedreig sal word nie. Die oplossing van die Palestyns-Israeliese vraagstuk moet tereg gesoek word in 'n onderhandelde ooreenkoms, waar die grondslag vir samewerking tussen die Palestyne en die Israeli's gelê moet word. Blywende vrede sal inderdaad vir alle partye tot voordeel wees. Laat ons ook bid vir verligting van die lot van die Palestyne.

Hans Moes

BOEKENUUS

NUWE BOEK:



Gods Woord in mensenwoorden. Over inspiratie en gezag van de Bijbel / Paul Wells

'n Nuwe uitgawe van die stigting 'Woord & Wereld' (87). Die Bybel is uniek en dit is God se Woord waarin

Hy Homself openbaar. Die onderskeie Bybelskrywers is deur die Heilige Gees geïnspireer. Om die belangrikheid van die Bybel vir ons lewe te verstaan, is dit belangrik om te weet wat die gesag van die Bybel is. Dit is wat in hierdie boek behandel word onder die volgende temas:

- die fondament: die posisie wat die Bybel inneem
- die Bybel getuig oor homself
- die aard van God se Woord en die aard van die inspirasie van die Bybel
- die Bybel en die kennis van God; die gesag en die waarheid van die Bybel.

In die voorwoord vertel ds Egbert Brink iets oor die skrywer. Prof dr Paul Wells woon en werk vanaf 1972 in Suid-Frankryk. Hy is rektor van die 'Faculte Jean Calvin' in Aix-en-Provence en doseer sistematiese teologie.

(111 bladsye – R 120)

NUWE BOEK:



Vrouw en het kerkelijk ambt. Een Bijbelse verkenning / H J C C J Wilshut

Hierdie publikasie is 'n samevatting van voorbereidingsmateriaal wat saamgestel is vir 'n kursus vir

belydende lidmate wat oor hierdie onderwerp wou nadink. Dit na aanleiding van die oproep van die Algemene Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Nederland (2008). In hierdie publikasie vind ons 'n Bybelse verkenning oor die vrou in die amp. Op grond van hierdie Bybelse gegewens word die standpunt verdedig dat die vrou nie in die gesaghebbende ampte in die kerk mag dien nie. Hierdie boekie laat 'n waarskuwing uitgaan, omdat die gesag en die korrekte omgaan met die Skrif hier ter sprake is.

(80 bladsye – R 120)



Thuis in Gods huis. Over eigentijds gereformeerd zijn / Ds Gerrit Gunnink

'n Praktiese besinning oor Gereformeerd wees vandag. Die boek is geskik om in groepsverband te gebruik, maar ook vir persoonlike Bybelstudie. Die publikasie bevat: 42

Bybeloordenings, vrae en punte vir besprekings; 'n aantal kort gebede. Ds Gunnink is predikant van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) van Amersfoort-West, Nederland.

(174 bladsye – R 130)

Twee nuwe publikasies geskik vir Bybelstudie:



1 Timoteus. Zo hoort het in Gods huis / F J van Deursen

(216 bladsye – R 170)



Deuteronomium. Mozes' preek met het oog op de toekomst / Ds Dick Dreschler

(148 bladsye- R 115)

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

www.folmerboek.com

Folmer Boekhandel (Kaapstad)

Proteaweg 95, Proteahooft, Brackenfell, 7560

Tel: 021 982 1402

e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

Folmer Boekhandel (Pretoria)

Laseandrallaan 115, Mōregloed, 0186

Tel/faks: 012 333 8064

epos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout

folmerboek@telkomsa.net

Tel/faks: 012 543 3597

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:

Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Irene van der Meer

Subredakteurs:

Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Gesin & Opvoeding:
Petrie Eefting
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
Sending & Evangelisasie:
Irmarië Bosman
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes

Redaksiadres:

Laseandralaan 115
Moregloed 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

<http://kompas.vgk.org.za/>

ADVERTENSIES



Prokureurs, Notaris en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za



GORDONSBAAI - HOOGGENOEG

3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5
persone met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings
kontak ons by:

www.hooggenoeg.co.za

jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

Koste vir die plasings van advertensies:

Vol bladsy :	R 480
Driekwart bladsy :	R 360
Twee-derde bladsy :	R 320
Halwe bladsy :	R 240
Een derde bladsy :	R 160
Een kwart bladsy :	R 120
Een agste bladsy :	R 60
Een sestiende bladsy :	R 30